Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2014

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

PUNTE: **100**

TYD: **2½ uur**

IAFRFA3

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele tekste	(30)
AFDELING C:	Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd so:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute

8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 200–250 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

1.1 **Ek wou nie…**



Skryf 'n opstel hieroor. **[50]**

OF

1.2 **Skoolreëls**

Kan jy jouself in 'n skool sonder reëls voorstel?

Skryf 'n opstel hieroor. **[50]**

OF

1.3 **'n Week vroeër skool toe – '*omdat ons wil*'**

Dit was die opskrif van 'n berig wat in *Die Burger*, 14 Januarie 2014 verskyn het.

Sal jy dit doen?

Skryf 'n opstel hieroor. **[50]**

OF

1.4 **Vakansieplanne**

Dis die tyd van die jaar wat julle planne vir die Desembervakansie maak.

Skryf 'n opstel waarin jy ons van julle **vakansieplanne** vertel. **[50]**

OF

1.5 **Padsterftes**

Baie padongelukke word deur drink en bestuur veroorsaak.

Beantwoord die volgende vraag in 'n opstel:

Word dronk en nalatige bestuurders swaar genoeg in Suid-Afrika gestraf? **[50]**

OF

1.6 Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die kern van die prent aansluit.

1.6.1



[*Die Burger*, 6 Januarie 2014] **[50]**

OF

1.6.2

[Clipart: Microsoft] **[50]**

1.6.3



[*My Tyd*, 19 Januarie 2014] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Die busroete na jou skool is skielik deur die munisipaliteit afgeskaf. Jy het nou 'n probleem om by die skool te kom.

Skryf 'n brief hieroor aan jou dorp se Munisipale Bestuurder. **[30]**

OF

2.2 **DIALOOG**



Jy wil baie graag vir jou onderwyser/es 'n verjaarsdaggeskenk koop, maar weet nie eintlik waarvan hy/sy hou nie.

Skryf die DIALOOG tussen jou en die onderwyser(es). **[30]**

OF

2.3 **RESENSIE**

Skryf 'n RESENSIE oor 'n musiek-album wat *jy* dink die beste album vir die jaar was. **[30]**

OF

2.4 **HULDEBLYK**

Een van jou onderwysers is skielik oorlede. Jy gaan namens die leerders van jou skool by sy/haar begrafnis 'n huldeblyk lewer.

Skryf die huldeblyk. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

3.1 **UITNODIGING**

Jy word 18 jaar oud en beplan ’n temapartytjie by ’n interessante plek.

Ontwerp die UITNODIGINGSKAARTJIE. **[20]**

OF

3.2 **DAGBOEK**

Jou ouers het met jou gepraat en jou vertel dat hulle huweliksprobleme het en gaan skei.

Skryf jou gevoelens hieroor in jou DAGBOEK. **[20]**

OF

3.3 **VERDUIDELIKING**

Jou ma het die nuutste selfoon op die mark gekry, maar verstaan nie al die funksies van die nuwe selfoon nie.

Verduidelik aan haar wat sy alles met haar nuwe selfoon kan doen. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100